Munisipaliteit • U-Masipala • Municipality
OVERSTRAND

Posbus 20, Hermanus 7200
www.overstrand.gov.za

	Telefoon	Faks
Hermanus	028 313 8000	028 312 1894
Gansbaai	028 384 8300	028 384 0241
Kleinmonad	028 271 8400	028 271 4100
Stanford	028 341 8500	028 341 0445

24-uur-beheerkamer 028 313 8000/8111
Brandweer 028 312 2400

JULIE 2020

Bulletin

Amptelike nuusbrief van die Munisipaliteit Overstrand

BEGROTING 2020/2021:

COVID-19 noodsaak totale hersiening eerder as blote aansuiwering

Tydens 'n virtuele vergadering wat op Woensdag 27 Mei 2020 gehou is, het die derde hersiening van Overstrand se vyfjaar- geïntegreerde ontwikkelingsplan en 'n wysiging voor die Raad gedien. Op dieselfde dag het die Raad die begroting, soos ter tafel gelê deur Uitvoerende Burgermeester Dudley Coetzee, eenparig goedgekeur.

Volgens Speaker Anton Coetsee is dit 'n merkwaardige prestasie en weerspieël die geweldige vertroue wat daar in die Burgermeester, die munisipale bestuurder en administrasie in geheel gestel word.

Die begrotingsrede wat ten tyde van hierdie geleentheid deur die Burgemeester gelewer is, verskyn hierna:

Vir 2020/2021 bly ons strategiese rigting, soos uitgestip in die vyfjaar-GOP, onveranderd. Die hersiene GOP verwoord die ontwikkelingsbehoeftes van ons gemeenskappe en die munisipaliteit terwyl dit ook spesifieke inisiatiewe vir die 2020/2021-boekjaar uitstip. Soos almal bewus is, befonds die munisipale begroting die uitvoering van die GOP.

Die nasionale inperking wat opgelê is as gevolg van die COVID-19-virus, en die onderskeie regulasies wat deur die nasionale regering ingevolge die nasionale ramptoestand uitgevaardig is, het ongelukkig 'n katastrofiese impak op die ekonomie van Suid-Afrika gehad, en Overstrand is geen uitsondering nie.

Die toerismebedryf, wat die ruggraat van Overstrand se ekonomie is, is op 26 Maart vanjaar in sy spore gestuit. Dit het 'n negatiewe impak op baie van ons ondernemings, veral klein ondernemings, sowel as ons belastingbetalers gehad.

Kommentaar wat deur die publiek op die 2020/2021-konsepbegroting gelewer is, het meestal gehandel oor die effek wat COVID-19 op ons ekonomie gehad het en steeds het.

Gegewe die impakte wat die COVID-19-inperking op ons ekonomie het en die kommentaar wat van die publiek ontvang is, kon die konsepbegroting nie soos in die verlede bloot aangesuiwer word nie: Die totale begroting moes hersien word.

In hierdie begroting het ons oorweging geskenk aan die impak wat COVID-19 op ons belastingbetalers gehad het sowel as aan die munisipaliteit se vermoë om aan te hou om infrastruktuur te bedryf en te verskaf sowel as om 'n hoë vlak van dienste te lewer wat slegs gedurende 'n relatiewe kort vakansieseisoen ten volle benut word.

Ná 'n aantal verlagings in die rentekoers, het die Reserwebank 'n inflasiekoers vir die 2020/2021-boekjaar van 4,7% in die vooruitsig gestel.

Gegewe die uitdagings waarmee ons belastingbetalers en die munisipaliteit tans gekonfronteer word, sal die verhoging in alle munisipale tariewe, met die uitsondering van elektrisiteit, van die voorgestelde 5,9% in die konsepbegroting na 4,5% verlaag word. Dit sluit die eerste 6 kℓ water wat verbruik word in. Die koste van elektrisiteit vanaf Eskom aan die munisipaliteit gaan met 6,9% styg, en ingevolge 'n direktief komende van NERSA gaan die elektrisiteitstarief vir munisipale verbruikers met 6,22% styg – 'n daling vanaf die 15% wat in die konsepbegroting ingesluit is.

Die verhoging in eiendomsbelasting sal ook verlaag word vanaf die 6,9% wat in die konsepbegroting voorgestel is na 4,5% vir alle kategorieë eiendom.

Spesiale-aanslaggebiede is goedgekeur vir Hermanus, Onrus-Vermont en Kleinmond. Die tarief wat versoek is, varieer per gebied en is by die lys van tariewe ingesluit. Ek betuig graag my dank teenoor die voorsitters en lede van die drie beheerkomitees vir hulle werk en die toewyding waarmee hulle die drie SRA's namens hul onderskeie gemeenskappe gefinaliseer het.

Soos in die verlede is 'n bedrag van R6.5m, of R500 000 per wyk, begroot vir wykspesifieke, infrastruktuurverwante projekte. Ter verdere besnoeiing van uitgawes, word geen voorsiening in die begroting gemaak vir die Burgemeestersfonds nie en ook nie vir befondsing van hulptoelaes of bydraes tot feeste nie.

In Maart het die Raad goedkeuring verleen dat sakeondernemings en residensiële belastingbetalers wat in finansiële nood verkeer 'n ooreenkoms met die munisipaliteit kan aangaan om hul Maart- en April- munisipale rekeninge oor 'n langer termyn af te los. My versoek aan die Raad vandag is dat hierdie toegif verleng word om ook die Mei- en Junie-rekeninge in te sluit. Ten opsigte van diegene wat eiendom by die munisipaliteit huur en dit nie kan gebruik vir die doel waarvoor dit bestem is nie, versoek ek ook dat die Raad toestemming verleen dat hulle vrygestel word van die betaling van huurgeld tot aan die einde van Junie.

Soos vroeër vermeld, word die toerismebedryf veral swaar getref deur die inperkingsregulasies. Gevolglik versoek ek die Raad om toestemming te verleen vir 'n tydelike aanpassing waarvolgens dieselfde eiendomsbelasting as dié vir residensiële eiendomme vir alle akkommodasie-ondernemings, terugwerkend vanaf April tot en met Junie, gehef word.

Gegewe die onsekerheid oor hoe lank die onderskeie inperkingsregulasies van krag gaan bly, bestaan daar 'n moontlikheid dat hierdie vergunnings dalk tot in die nuwe boekjaar kan duur.

Die huidige driejaar- kollektiewe SALGBC-salarisooreenkoms vir munisipale werknemers het op 1 Julie 2018 in werking getree.

Munisipaliteite moet, ingevolge artikel 71 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels (Wet 32 van 2000), voldoen aan kollektiewe ooreenkomste.

Volgens die beginsels van die ooreenkoms is salarisverhogings teen 6,25% vir die 2020/21-boekjaar goedgekeur. Dit was gegrond op die gemiddelde inflasie vir die tydperk Februarie 2019 tot Januarie 2020, met 'n minimum van 5% plus 1,25%. Salariskerfaanpassings van ongeveer 2% is ook by die salarisbegroting ingesluit.

Raadslede se vergoeding word deur die minister van samewerkende regering en tradisionele sake bepaal. Die proklamasie ten opsigte van 2019/2020 se verhogings is eers in die loop van April 2020 gepubliseer, en daarvolgens is salarisverhogings op 4% vasgestel.

Geen aanduiding vir 2020/21 is tot op hede ontvang nie. Derhalwe is daar in die 2020/21-begroting voorsiening gemaak vir die aanpassing van raadslede se vergoeding teen dieselfde koers soos vasgestel vir 2019/2020.

Die 57 nuwe poste vir permanente personeel wat by die konsepbegroting ingesluit is, is teruggetrek. Dit sluit die addisionele wetstoepassingspersoneel in. Die wetstoepassingsafdeling sal herorganiseer word sodat die beplande honde-eenhede vir Gansbaai en Kleinmond tot stand kan kom.

Die bestuurderslisensietoetssentrums wat vir hierdie twee areas beplan is, word uitgestel.

Om te help om Overstrand se ekonomie te herbou, is R15m vir tydelike poste begroot as 'n bydrae tot werkskepping vir ons inwoners.

Alle items van 'n kapitale aard wat tot werkskepping vir ons mense kan lei, is ook by die begroting ingesluit, veral in gevalle waar daar werkgemaak kan word van verouderde waternetwerke, riolering en, in die besonder, stormwaterprojekte.

Met hierdie doel voor oë is die volgende items by die kapitaalbegroting ingesluit:

Zwelihle: Opgradering van riolering	R13,75m
Zwelihle: Opgradering van stormwater	R 8,39m
Kleinmond: Opgradering van riolering	R13m
Masakhane: Stormwater	R 4,50m
Overhills: Stormwater	R 2,2m
Bettysbaai: Stormwater	R 3,31m
Hermanus: Stormwater	R 2,60m
Hermanus: Afvalherwinningsaanleg	R17,96m
Hawston: Sportkompleks	R 9,44m
Hawston: Sakekern	R 4,87m
Mt. Pleasant: Sportgronde	R 2,46m
Hawston: R43-kruising	R 2,19m
Hermanus: Boorgatbronne	R10,5m
Pringlebaai: Reservoir	R 6,13m
Gansbaai: Reservoir	R 7,88m
Hermanus: Sakekernherlewing	R 7,10m

Vlak 2-waterbeperkings in die Hermanusarea wat op 1 Junie 2018 afgekondig is, geld steeds. Die eerste vlak van waterbeperkingstariewe is ook steeds van toepassing in Hermanus.

Ter opsomming, die voorgestelde verhogings vir 'n huishouding vir die komende boekjaar (2020/2021) is as volg:

Eiendomsbelasting: Residensieel	4.5%
Elektrisiteit	6.22%
Water	4.5%
Riolering	4.5%
Afvalverwydering	4.5%

Eiendomsbelasting vir sake- en onbeboude erwe sal ook met 4.5% styg.

Die gemiddelde verhoging in 'n huishouding se munisipale rekening sal ongeveer 4,4% beloop (elektrisiteit uitgesluit) en 5,3% (elektrisiteit ingesluit).

Ek wil graag van hierdie geleentheid gebruik maak om die publiek te bedank vir hul deelname en insette ten tyde van die GOP-hersiening en die begrotingvoorbereidingsproses.

Ek wil ook my opregte waardering uitspreek teenoor die Raadslede en die administrasie vir hul bydrae tot die opstelling van die 2020/2021-bedryf- en kapitaalbegrotings. In die besonder wil ek diegene bedank wat letterlik nag en dag gewerk het om 'n algehele hersiening van die konsepbegroting te bewerkstellig sodat ons vandag die 2020/2021-begroting kon voorlê.

2020/21 BEGROTING IN ’N NEUTEDOP

Totale inkomste (ingeslote kapitaaltoekennings):
R1.287 biljoen [daal met 3,1%]
R46 miljoen [behuisingsdienste]
R44.3 miljoen [behuisingstrukture]

Totale uitgawes:
R1.342 biljoen [styg met 3,8%]
Tekort van R54.5 miljoen

Tariewe:
Eiendomsbelasting 4,5%
Elektrisiteit: Basiese en verbruiksheffings 6,22%
Water 4,5 %
Riolering 4,5%
Afvalverwydering 4,5%

Kapitaalbegroting:
10,2% styging in kapitaalbegroting ten bedrae van R303.7 miljoen.
Addisionele projekte ná oorlegpleging met gemeenskap beloop R8.1 miljoen.
Projekte wat vanaf 2019/20 oorgedra is, beloop R99.1 miljoen.

Water: Slegs deernishulphuishoudings ontvang eerste 6 kℓ gratis. Die hele reeks basiese en verbruiktariewe tariewe styg met 4,5% wat, vergeleke met die vorige jaar, 1,2% minder is.

Riolering: Tariewe vir riolering sal met 4,5% styg, wat 1,2% laer is vergeleke met die vorige jaar.

Afvalverwydering: Die tarief vir afvalverwydering sal met 4,5% styg, wat neerkom op ’n daling van 8,31% vergeleke met die vorige jaar.

WATERKWALITEIT BY MUNISIPALE WATERSKEMAS

OKTOBER 2019 - MAART 2020 BESKRYWING VAN TOETS	EENHEID	STANDAARD VOLGENS SANS 0241	GEMIDDELDE TOETSRESULTATE VAN DRINKWATER KWALITEIT:								
			Buffelsrivier (Rooi Els, Pringlebaai & Bettybaai	Kleinmond	Hermanus	Stanford	Gansbaai	De Kelders	Pearly Beach	Baards-keerders-bos	Buffels-jagsbaai
pH	pH-eenheid	≥ 5 to ≤ 9,7	7,4	8,3	6,8	7,4	7,8	7,5	7,8	9,3	7,5
Elektriese geleidingsvermoë	mS/m	≤ 170	27,3	32,6	48,6	68,2	87,3	68,3	51,5	70,6	167,7
Troebelheid	NTU	≤ 1	0,3	0,2	0,3	0,3	0,4	0,2	0,2	0,4	0,3
Kleur	mg/ℓ as Pt-Co	≤ 15	4,0	4,0	4,5	4,7	4,5	5,0	4,0	8,8	4,7
Yster	µg/ℓ as Fe	≤ 300	36,8	31,0	94,2	-	34,7	-	35,2	35,0	33,2
Mangaan	µg/ℓ as Mn	≤ 100	-	-	21,3	-	-	-	-	22,2	-
Aluminium	µg/ℓ as Al	≤ 300	83,2	38,2	50,8	-	198,8	-	22,8	-	-
E.coli	telling/100mℓ	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0

Die Departement van Water & Sanitasie (DWS) beveel aan dat munisipaliteite van tyd tot tyd inligting ten opsigte van die gehalte van drinkwater publiseer.

Waterkwaliteit word teenoor die Suid-Afrikaanse Nasionale Standaarde (SANS) se kode 0241 vir drinkwater gemeet.

Op die tabel hiernaas is die resultate vir die tydperk van Oktober 2019 tot Maart 2020 se waterkwaliteit-metings vir Overstrand se nege water-aanlegte. Watermonsters word maandeliks deur ’n geakkrediteerde laboratoria geneem waar verskillende bakteriologiese, chemiese en fisiese parameters gemeet word.

Daaruit blyk dit dat ons waterkwaliteit van hoogstaande gehalte is, met 100% van die gemiddelde resultate wat aan die Suid-Afrikaanse Nasionale Standaarde (SANS) se kode 0241 vir drinkwater voldoen.

In gevalle waar die toetsresultate van die finale drinkwater nie voldoen aan SANS 0241 nie, word daar regstellings by die watersuiweringsaanleg en in die water netwerk gedoen. Die finale drinkwater word dan weer getoets om te verseker dat alle parameters wel aan SANS 0241 voldoen.

RIOOLWERKE-UITVLOEISEL KWALITEIT RESULTATE

OKTOBER 2019 - MAART 2020 BESKRYWING VAN TOETS	EENHEID	DWS ALGEMENE MAGTIGING-STANDAARDE (Van toepassing op alle WWTW’s behalwe Hermanus)	GEMIDDELDE TOETSRESULTATE VAN RIOOLWERKE-UITVOEISEL KWALITEIT VIR:					Hermanus Permit magtiging-Standaarde
			GANSBAAI	HAWSTON	STANFORD	KLEINMOND	HERMANUS	
pH	(pH)	5.5-9.5	7,1	8,5	7,7	7,7	7,5	5.5-9.5
Elektriese geleidingsvermoë	(mS/m)	150	165	157	143	125	178	5000
Fekale koliforme bakterie	(telling/100mℓ)	1000	490	15	327	406	112	1000
Chemiese suurstofvraag	(mg/ℓ)	75 Max	52	54	45	182	47	75 Max
Ammoniakstikstof	(mg/ℓ as N)	6 Max	2	14	7	53	6	7 Max
Nitraatstikstof	(mg/ℓ as N)	15 Max	8,6	0,2	3,8	0,7	2,5	17 Max
Nitraatstikstof	(mg/ℓ as N)		0,2	0,3	0,2	0,9	0,2	
Totale swewende vaste stowwe	(mg/ℓ)	25 Max	9	17	19	114	11	25 Max
Orto-fosfaat	(mg/ℓ as P)	10 Max	5	3	3	2	5	10 Max

Die Departement van Water & Sanitasie (DWS) beveel aan dat munisipaliteite van tyd tot tyd inligting ten opsigte van die gehalte van die uitvloeisel van hul rioolsuiweringswerke publiseer. Die gehalte van die finale rioolwerke-uitvloeisel word gemeet teen standaarde wat deur DWS gestel word, welke standaarde as òf Algemene Standaarde òf Spesiale Standaarde geklassifiseer word.

Die tabel hierbo illustreer die gemiddelde metings by Munisipaliteit Overstrand se vyf suiweringsaanlegte teenoor parameters wat vir die gehalte van uitvloeisel gestel word oor die afgelope ses maande, vergeleke met die DWS se Standaarde. Monsters word op ’n maandelikse basis vir ontleding deur geakkrediteerde laboratoria geneem. In Munisipaliteit Overstrand voldoen die gehalte van die finale uitvloeisel van vuilwater in 84% van die gevalle.

In gevalle waar die toets resultate van die finale uitvloeiselmonster nie voldoen aan die standaard nie, word daar regstellings by die werke gedoen. Die afloopwater word dan weer getoets om te verseker dat alle parameters aan die standaard voldoen.

MUNISIPALE REKENINGE: HOE 2020/21 SE MAANDELIKSE MUNISIPALE REKENINGE SAL LYK

(Let daarop dat hierdie syfers nie deur NERSA goedgekeur word nie)

MAANDELIKSE MANDJIE VAN TARIEWE - ENKELRESIDENSIEEL 2020/21

Hoë verbruik met voorafbetaalde elektriese meter Waardasie: R3 500 000	Jaar 2019/20	Jaar 2020/21	Bedrag	% Verhoog
Belasting	1 311,69	1 370,72	59,03	4,50
Riool* Tarief Kode: SE7A1+SE8A	601,15	628,20	27,05	4,50
Infrastruktuur Basiese Heffing: Water, Elektrisiteit & Riool	53,54	53,54	0,00	0,00
Vullis Een keer per week	185,49	193,84	8,35	4,50
Water 50 kℓ	1 147,06	1 198,68	51,62	4,50
BTW 15%	298,09	311,14	13,05	4,38
SUBTOTAAL	**3 597,02**	**3 756,11**	**159,10**	**4,42**
Elektrisiteit Voorafbetaalde 1500kWh	3 205,11	3 404,47	199,36	6,22
BTW 15%	480,77	510,67	29,90	6,22
TOTAAL	**7 282,89**	**7 671,25**	**388,36**	**5,33**

MAANDELIKSE MANDJIE VAN TARIEWE - ENKELRESIDENSIEEL 2020/21

Sub-ekonomiese Verbruik (Deernis) Waardasie: R100 000	Jaar 2019/20	Jaar 2020/21	Bedrag	% Verhoog
Belasting	19,01	19,87	0,86	4,50
Riool* Tarief Kode: SE7A1+SE8A	217,55	227,34	9,79	4,50
Infrastruktuur Basiese Heffing: Water, Elektrisiteit & Riool	53,54	41,70	-11,84	-22,11
Vullis Een keer per week	0,00	0,00	0,00	0,00
Water 10 kℓ	45,88	47,94	2,06	4,50
BTW 15%	47,55	47,55	0,00	0,00
SUBTOTAAL	**383,53**	**384,40**	**0,87**	**0,23**
Elektrisiteit Voorafbetaalde 350kWh	356,55	378,73	22,18	6,22
BTW 15%	53,48	56,81	3,33	6,22
TOTAAL	**793,56**	**819,93**	**26,38**	**3,32**

MAANDELIKSE MANDJIE VAN TARIEWE - ENKELRESIDENSIEEL 2020/21

Medium verbruik met voorafbetaalde elektriese meter Waardasie: R2 500 000	Jaar 2019/20	Jaar 2020/21	Bedrag	% Verhoog
Belasting	931,49	973,41	41,92	4,50
Riool* Tarief Kode: SE7A1+SE8A	361,40	377,66	16,26	4,50
Infrastruktuur Basiese Heffing: Water, Elektrisiteit & Riool	53,54	53,54	0,00	0,00
Vullis Een keer per week	185,49	193,84	8,35	4,50
Water 25 kℓ	438,01	457,72	19,71	4,50
BTW 15%	155,77	162,41	6,65	4,27
SUBTOTAAL	**2 125,70**	**2 218,58**	**92,89**	**4,37**
Elektrisiteit Voorafbetaalde 800kWh	1 642,85	1 745,04	102,19	6,22
BTW 15%	246,43	261,76	15,33	6,22
TOTAAL	**4 014,97**	**4 225,37**	**210,40**	**5,24**

MAANDELIKSE MANDJIE VAN TARIEWE - SAKE 2020/21

Sake - Medium (Drie-fase) Waardasie: R3 200 000	Jaar 2019/20	Jaar 2020/21	Bedrag	% Verhoog
Belasting	2 303,73	2 407,40	103,67	4,50
Riool* Tarief Kode SE7A1+SE8A 1	614,85	642,52	27,67	4,50
Infrastruktuur Basiese Heffing: Water, Elektrisiteit & Riool	53,54	53,54	0,00	0,00
Vullis Een keer per week 3	556,47	581,51	25,04	4,50
Water 40 kℓ	874,84	914,21	39,37	4,50
BTW 15%	314,96	328,77	13,81	4,39
SUBTOTAAL	**4 718,39**	**4 927,95**	**209,56**	**4,44**
Elektrisiteit: Kredietmeter 7000kWh	14 150,57	15 030,74	880,17	6,22
BTW 15%	2 122,59	2 254,61	132,02	6,22
TOTAAL	**20 991,54**	**22 213,29**	**1 221,75**	**5,82**

MAANDELIKSE MANDJIE VAN TARIEWE - ENKELRESIDENSIEEL 2020/21

Lae verbruik met voorafbetaalde elektriese meter Waardasie R1000 000	Jaar 2019/20	Jaar 2020/21	Bedrag	% Verhoog
Belasting	361,19	377,44	16,25	4,50
Riool* Tarief Kode: SE7A1+SE8A	265,50	277,45	11,95	4,50
Infrastruktuur Basiese Heffing: Water, Elektrisiteit & Riool	53,54	53,54	0,00	0,00
Vullis Een keer per week	185,49	193,84	8,35	4,50
Water 15 kℓ	273,33	285,63	12,30	4,50
BTW 15%	116,68	121,57	4,89	4,19
SUBTOTAAL	**1 255,73**	**1 309,47**	**53,74**	**4,28**
Elektrisiteit Voorafbetaalde 600kWh	1 196,49	1 270,91	74,42	6,22
BTW 15%	179,47	190,64	11,16	6,22
TOTAAL	**2 631,69**	**2 771,01**	**139,32**	**5,29**

MAANDELIKSE MANDJIE VAN TARIEWE - ONBEBOUDE ERWE 2020/21

Waardasie gemiddeld Waardasie: R250 000	Jaar 2019/20	Jaar 2020/21	Bedrag	% Verhoog
Belasting	162,69	170,01	7,32	4,50
Riool kan verbind Beskikbaarheid	121,65	127,12	5,47	4,50
Vullis Beskikbaarheid	92,74	96,91	4,17	4,50
Elektrisiteit Beskikbaarheid	335,34	356,20	20,86	6,22
Water Beskikbaarheid	136,50	142,64	6,14	4,50
Infrastruktuur Basiese Heffing: Water, Elektrisiteit & Riool	53,54	53,54	0,00	0,00
BTW 15%	110,97	116,46	5,50	4,95
TOTAAL	**1 013,42**	**1 062,89**	**49,47**	**4,88**

OPGRADERING VAN STORMWATERSTELSEL IN HERMANUS NA LANGE LAAS OP KOERS

Nadat 'n volwaardige tenderproses gevolg is, wat ietwat langer geduur het weens Covid-19-beperkings, het Munisipaliteit Overstrand Meyer Beton Siviele & Boukontrakteurs nou amptelik aangestel as die kontrakteur wat die konstruksiewerk gaan behartig om die stormwaterinfrastruktuur in Hermanus se sakekern en nywerheidsgebied op te gradeer.

Die kontrakteur sal onder toesig van Element Consulting Engineers daaraan werk om die stormwater- en rioleringsinfrastruktuur in Hermanus se sakekern (Hoofweg, Marine-rylaan en High-straat) sowel as in die dorp se nywerheidsgebied (Mimosa- en Prelliwitz-straat) op te gradeer en te vernuwe.

Soos per die voorstel wat deur die kontrakteur voorgelê is, sal installasie van stormwaterpype in Marine-rylaan begin, gevolg deur Hoofweg en dan High-straat.

Na verwagting sal konstruksiewerk in die nywerheidsgebied in die middel van Julie 'n aanvang neem.

Weens die oponthoude wat deur die Covid-19-inperking veroorsaak is, is die kontraktuele voltooiingsdatum vir hierdie projek vanaf Desember 2020 tot Februarie 2021 verleng.

Intussen voer die raadgewende ingenieurs reeds omvattende interne en eksterne inspeksies uit van eiendomme wat deur hierdie projek geraak gaan word in 'n poging om bestaande skade aan en krake in geboue te identifiseer alvorens konstruksiewerk 'n aanvang neem.

Samewerking in hierdie verband sal waardeer word, en belanghebbende partye is welkom om Element Consulting Engineers te kontak deur Dennis Hendriks, Senior Bestuurder: Ingenieursdienste Tel no: 028 313 5059 of Cell no: 082 416 8676 dhendriks@overstrand.gov.za.

VOËLKLIP-BOBBEJANE VERKIES DEESDAE NATUURLIKE HABITAT, DANKSY VIRTUELE HINDERNIS

Sedert die implementering van 'n virtuele hindernis in die middel van Februarie 2020 het Human Wildlife Solutions (HWS) 'n merkbare afname bemerk in die aantal kere waarop individuele bobbejane die Voëlkliptrop verlaat het om dit op hulle eie in die dorp te waag. Voorts, wanneer 'n bobbejaan wel die dorp ingevaar het, het hy dit nie so ver weg van die trop gewaag as vantevore nie.

Die HWS virtuele hindernis is 'n innoverende nuwe werktuig om troppe in hul natuurlike habitatte te hou en bied sodoende 'n volhoubare omgewingsoplossing vir die konflik tussen mens en dier. Hierdie nie-indringende sisteem werk deur natuurlike afskrikmiddels en grense na te boots wat die trop té angstig is om oor te steek.

In die geval van die trop wat in die berge bokant Hermanus rondtrek, word angstigheid geskep deur die geluide en reuke wat met bobbejane se natuurlike predatore (soos luiperde) geassosieer word, na te boots en sodoende 'n onsigbare psigologiese hindernis te skep.

Buiten 'n afname in konflik tussen mens en dier, is daar ook ander positiewe omgewingsvoordele daaraan verbonde om bobbejane sover te kry om terug te keer na hul natuurlike habitatte, soos om die biodiversiteit te herstel van die ekosisteme waarin hulle algemeen voorkom.

"Ons voorneme is om die ongelooflike biodiversiteitsbalans en ongeskonde natuur van die Fernkloof-natuurreservaat te bewaar," het HWS se projekbestuurder, dr. Phil Richardson, gesê.

"Gegrond op waarnemings het bobbejane danksy hul uiters gevarieerde en aanpasbare weidingsgedrag velerlei impakte op hul omgewing. Hulle grawe knolle uit, krap deur fynbosoorblyfsels en vreet blomme, vrugte en bessies.

"Al die bogenoemde help om saad te versprei en skep mikroklimate waarin saad kan ontkiem. Dus, gegewe die sleutelrol wat hulle in die omgewing vervul, was die totale verwydering van problematiese troppe nog nooit 'n opsie nie," het hy verduidelik.

Sommige individue is met GPS-radiohalsbande toegerus, en in dié proses het HWS bemerk dat hierdie bobbejane gesonde tande en tandvleis gehad het. Dit is 'n aanduiding dat hulle steeds grotendeels hul natuurlike dieet van fynbos volg en nie té veel onnatuurlike, hoë-energie menslike kosse verorber nie wat verskeie gesondheidsprobleme in bobbejane kan veroorsaak soos swak tandformasie, obesiteit en diabetes.

"Dit is nog 'n rede hoekom dit so belangrik is om huishoudelike afval korrek te hanteer," het Richardson gewaarsku.

"Ná jare en jare se strooptogte moet bobbejane leer dat mense nie meer 'n maklike bron van kos is nie. Hierdie allerbelangrike verandering is slegs moontlik as elkeen sy deel in die bestuursproses doen. Op ons beurt sal ons aanhou om die virtuele hindernis te ontplooi sodat bobbejane weer wilde diere kan word om sodoende die natuurlike balans te herstel."

Om meer inligting oor die virtuele hindernis te versoek, e-pos info@hwsolutions.co.za of besoek www.hwsolutions.co.za.

Die toegewyde Voëlklip-blitslyn om bobbejane te rapporteer se nommer is 071 588 6540. Die nommer van die Pringlebaai-blitslyn is 079 431 5956.

KASSIERE STAAN WEER REG

Alle munisipale betaalkantore en -punte is nou weer toeganklik vir die publiek. Streng maatreëls rakende sosiale afstande sal egter gehandhaaf word en dit is verpligtend om 'n gesigmasker te dra. Voorts sal munisipale amptenare wat die publiek te woord staan op 'n daaglikse basis getoets word en hul werkstasies sal gereeld ontsmet word.

Vir die duur van Vlak 3-beperkings geld die volgende werksure:

HERMANUS-ADMINISTRASIE: Maandae tot Vrydae: 08:30 – 15:30

GANSBAAI-STANFORD-ADMINISTRASIE: Maandae tot Vrydae: 08:00 – 15:30 met 'n etensuur van 13:00 – 13:45

HANGKLIP-KLEINMOND-ADMINISTRASIE: Maandae tot Vrydae: 08:00 – 15:30 met 'n etensuur van 13:00 – 13:45

Selfs al kan inwoners weer eens hulle rekeninge by die kassiere gaan betaal, wil ons almal vir wie dit moontlik is aanmoedig om eerder van die aanlynopsie gebruik te maak.

Rekeninge kan per elektroniese oordrag via die volgende bankrekening vereffen word:

- **Nedbank-rekeningnommer 1190136899**
  Tipe rekening: Tjekrekening
  Universele takkode: 198765
  Tak: Inland Garden Route
  (Let daarop dat dit inderwaarheid die korrekte tak vir Munisipaliteit Overstrand is.)
  SWIFT-kode: NEDSZAJJ
  Verwysing:Gebruik asseblief u numeriese 12-syfer-rekeningnommer as verwysing.

Rekeninge kan ook vereffen word deur van die Pay@- en Easy Pay-stelsel gebruik te maak.

Saldo's, algemene rekeningnavrae en versoeke vir afskrifte van fakture of rekeninge kan steeds per e-pos gerig word aan enquiries@overstrand.gov.za. So nie, bel die SKAKELBORD by 028 313 8000 vir algemene navrae soos munisipale rekeninge, vordering met die goedkeuring van bouplanne en dies meer, of kontak die ter sprake administrasie direk by een van die volgende nommers:

- **Kleinmond: 028 271 8400**
- **Stanford: 028 341 8500**
- **Hermanus: 028 313 8000/8111**
- **Gansbaai: 028 384 8300**

Voorafbetaalde elektrisiteit kan gekoop word via jou selfoon (laai die toepassing via die Play Store af), via jou bank se toepassing of aanlyn (home.ontec.co.za). As jy hulp nodig het, bel Ontec by 0861 220 244 of e-pos servicedesk@ontec.co.za

Koopbewyse is ook beskikbaar by handelaars soos Pick 'n Pay, Checkers en Spar sowel as sekere vulstasies (Engen) en verskeie ander verkooppunte.

HET JY AL JOU BIBLIOTEEKBOEKE TERUGGEVAT?

Alhoewel alle openbare biblioteke steeds vir die duur van Vlak 3-beperkings nie toeganklik vir die algemene publiek is nie, moes diegene wat enige biblioteekmateriaal vóór die aanvang van die nasionale inperking uitgeneem het, dit teen hierdie tyd teruggeneem het om boetes op agterstallige boeke vry te spring. Aangesien niemand gedurende Vlakke 5 en 4 van die inperking toegang tot biblioteke kon verkry nie, is 'n grasietydperk aan biblioteekgebruikers vergun wat hulle vryskeld van enige boetes op agterstallige boeke. Daardie tydperk het op 23 Junie 2020 ten einde geloop. Ter wille van die noodsaaklikheid om sosiale afstande te handhaaf en om fisiese kontak met biblioteekmateriaal te verhoed, sal openbare biblioteke ongelukkig steeds nie vir die publiek toeganklik wees nie wat beteken dat geen "nuwe" boeke uitgeneem kan word of naslaanwerke geraadpleeg kan word nie.

Desondanks is alle biblioteekpersoneel in Overstrand weer terug op hulle poste om materiaal wat voorheen uitgeneem is, te ontvang. Streng veiligheidsmaatreëls geld egter wanneer biblioteekboeke terugbesorg word. Plaas asseblief die boeke en enige ander biblioteekmateriaal wat jy terugbesorg in 'n inkopiesak waarop jou naam en die nommer van jou biblioteekkaart duidelik aangetoon word. Die rede hiervoor is dat alle terugbesorgde materiaal eers vir 72 uur in "kwarantyn" geplaas word alvorens dit deur die biblioteekpersoneel geprosesseer word. Maak ook seker dat jy 'n gesigmasker dra wanneer jy jou boeke terugbring en let daarop dat streng maatreëls ten opsigte van sosiale afstande en ontsmetting ten alle tye sal geld. Biblioteke is oop van 08:30 tot 15:30, Maandae tot Vrydae, om terugbesorgde materiaal te ontvang.

Overstrand se biblioteekpersoneel rig ook 'n vriendelike versoek tot alle biblioteekgebruikers om enige "verlore" materiaal so gou as moontlik aan te meld.

VORDERING MET FERNKLOOF-BESTUURSPLAN

Na regte moes die finale konsep van die bestuursplan vir die Fernkloof-natuurreservaat as 'n beskermde area (FNR PAMP) en die meegaande aanbevelings teen die einde van Mei 2020 voor die Raad gedien het.

Ongelukkig, gegewe dat Covid-19-beperkings verhoed het dat die gebruiklike oorlegpleging- en besluitnemingsproses gevolg kon word, kon Raadslede eers op 8 Junie 2020 'n werksessie oor hierdie item hou.

Ten tyde van daardie sessie is die konsep FNR PAMP voorgelê en in detail bespreek.

Ná deeglike oorweging is daar besluit dat die finale konsep eers aan die Raad voorgelê sal word nadat dit die gebruiklike prosessuele siklus deurloop het wat ook aan wyk- en portefeuljekomitees die geleentheid sal bied om die dokument en sy aanbevelings te bespreek. Uiteraard is reëlings verwant aan hierdie besprekingsessies onderworpe daaraan dat Covid-19-regulasies dit vir hierdie komitees moontlik maak om byeen te kom. Intussen word alle belangstellende en belanghebbende partye genooi om die ter sprake dokument te bestudeer wat sedertdien op Overstrand se amptelike webwerf beskikbaar gestel is. Gaan na www.overstrand.gov.za en klik op *Documents, Strategic documents, Environmental Management, Fernkloof.*